BELEID TEN OPSIGTE VAN SELFONE

1. AGTERGROND

Weens die feit dat die leerders van Hoërskool Hennenman hul selfone onregmatig tydens formele onderrigtyd gebruik, het die beheerliggaam van Hoërskool Hennenman besluit dat die gebruik van selfone ontmoedig moet word.

LEERDERS WORD AANGEMOEDIG OM GLAD NIE SELFONE SAAM TE BRING SKOOL TOE NIE.

Indien ‘n leerder weier om die beleid te onderteken, word hy/sy outomaties van die voorreg om ‘n selfoon saam te bring skool toe, ontneem.

2. IMPLIKASIE VAN BELEID VIR LEERDERS

Geen selfoon mag gedurende die formele skooldag (07:30 – 14:15) aangeskakel wees nie. Indien ‘n leerder ‘n ouer/voog moet kontak, moet hulle vanaf die kantoor gaan skakel. In uiterste noodgevalle kan toestemming vir die aanskakel van die selfoon deur ‘n personeellid van die skool verleen word en mag die leerder die ouer/voog vanaf sy/haar selfoon – in die teenwoordigheid van ‘n personeellid – skakel.

3. OORTREDING

- ‘n Leerder gebruik sy/haar selfoon, sonder toestemming van ‘n personeellid, gedurende die skooldag (07:30 – 14:15).
- ‘n Leerder se selfoon lui in die klas.
- ‘n Leerder se alarm gaan af tydens klastyd.
- ‘n Leerder kyk hoe laat dit is op sy/haar selfoon.
- ‘n Leerder se selfoon is op ‘silent’ gedurende die skooldag.
- ‘n Leerders gebruik sy/haar selfoon voor of na skool op die skoolterrein om musiek te luister, speletjies te speel en video’s te maak of foto’s te neem.

4. STRAF

- Die leerder ontvang ‘n direkte detensie.
- Die leerder se selfoon (en simkaart) word gekonfiskeer en tot die einde van die periode op die personeellid se tafel geplaas vir veilige bewaring.
- Leerder teken die direkte detensieplakker wanneer hy/sy die selfoon aan die einde van die periode ontvang.

5. TOEPASSING VAN BELEID DEUR ONDERWYSER

Sou ‘n leerder hom/haar skuldig maak aan enige van die bogenoemde oortredings tydens die skooldag, moet die leerkrag die betrokke leerder se selfoon (en simkaart) konfiskeer en die volgende doen:

- Plaas die selfoon op sy/haar tafel tot aan die einde van die periode;
- Skryf ‘n direkte detensieplakker vir die leerder;
- Die leerder teken die plakker met ontvangs van sy/haar selfoon aan die einde van die periode.
- Vra die leerder om sy/haar selfoon af te skakel.

Indien ‘n leerder se selfoon MEER as TWEE keer deur ‘n personeellid gekonfiskeer word, sal die leerder se voorreg om ‘n selfoon saam te bring skool toe, van hom/haar ontneem word.

Indien hy/sy nie gehoor hieraan gee nie, sal ‘n dissiplinêre verhoor volg.

_____

B. HOFFMAN
SKOOLHOOF